**Sondag 1 September**

| Skrifgedeelte: Romeine 1:1-7 | Fokusgedeelte: Romeine 1:1, 6, 7 (1983-vertaling) |
|---|---|

## Geroep om te roep

Anders as die meeste van sy briewe, skryf Paulus die brief aan ’n gemeente Rome wat hy nog nie persoonlik besoek het nie. Hy sit die evangelie (Goeie Nuus) dat mense geregverdig word deur die geloof alleen, op ’n sistematiese wyse uiteen.

Naas die inleidende gedeelte (1:1-17), beskryf hy die sonde van die heidene en daarna van die Jode, om tot die gevolgtrekking te kom dat almal gesondig het en dat niemand voor God regverdig is nie (1:18 – 3:20). Hierna verkondig hy die goeie nuus van verlossing en werk hy die vryheid in Christus breedvoerig uit (3:21 – 11:36). Die laaste gedeelte (hfst 12-16) handel oor hoe die verlossing die lewe van die gelowiges moet verander. (Hierdie indeling eggo in die bekende driedeling van sonde, verlossing en dankbaarheid wat ons in die Heidelbergse Kategismus vind.)

In sy inleiding van die brief val die woord “roeping” ’n mens op. Paulus beskryf hom as geroepe apostel (1:1) wat die evangelie van Jesus Christus aan heidennasies moet verkondig. In vers 6 en 7 spreek hy die gelowiges aan wie hy skryf, aan as “geroepenes”.

Vir ons dui die woord “roeping” in die Bybelse sin baie keer op iets wat ons moet gaan doen. So, byvoorbeeld, praat ons dat ons die roeping ontvang het om onderwyser, predikant of besigheidsmens te wees. Hoewel dit goed is om so oor ons lewe te praat, moet ons nooit vergeet dat roeping in die eerste plek eintlik nie op ’n aksie van “uitgaan” dui nie, maar van “naderkom”. Wanneer iemand jou van oorkant die straat af roep, beteken dit dat hy wil hê dat jy na hom toe moet kom.

Dit is van uiterste belang dat ons (almal) wat in sy diens geroep is, altyd moet besef dat ons eerstens geroep is om aan Jesus te behoort. Ons mag nooit ons roeping uitleef sonder om in die teenwoordigheid van Hom wat ons geroep het, Jesus Christus, te lewe nie.

*Sing: Psalm 116-1:7, 9*

*Ds. HS Coetzee (Fanie) (Potchefstroom Die Bult)*